NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

**AUGUSTUS 2019**

Romeine 10

### HOE LYK JESUS SE VOETSPORE?
Jesus se voetspore gaan haal ons, maak nie saak waar ons is nie.
Rom 10: 20 - 21

### TREK DIE STEWELS AAN
Rom 10: 8
Leef jy asof God se Woord naby is?

### STAP DIE PAD
Rom 10: 9 - 10
Bely jy dat die Here jou verlos het sodat ander jou getuienis kan hoor?

### STAP SAAM
Rom 10: 11 - 15 Die Here stuur niemand met leë hande weg nie - Hy verwag van ons om hulle wat na Hom uitreik te bedien met sy Woord.

### RITME VAN DIE MARS
"You will never stop fighting for me
When I can't fight for myself
Every word is a promise You keep
Cause You love me like nobody else"
Riley Clemmons

Scan me

# Bid vir die verspreiding van die Woord deur radio

Patrick Johnstone en Jason Mandryk het reeds in 2005 in hulle boek *Operation World* geskryf dat potensieel 99% van alle mense deur radio bereikbaar is.

Omdat ons deur radio toegang het tot baie mense wat andersins onbereikbaar is, is dit belangrik dat ons hierdie bediening ondersteun met gebed en finansies.

Die Far East Broadcasting Company saai uit in 124 tale in 49 lande. Laas jaar het meer as 2.26 miljoen luisteraars die 149 stasies gekontak, waarvan baie getuig hoe dit hulle lewens verander het.

Plaaslik reik radio stasies soos CCFM ook uit na duisende luisteraars in onder andere gevaarlike gebiede waar mense dikwels moeilik bereikbaar is.

Hulle gebedslyn staan ook mense in nood by wat niemand anders het om na uit te reik nie.

Duisende mense gee jaarliks hulle harte vir die Here deur hierdie bediening en nog duisende wat afgedwaal het keer terug na Jesus.

Jy kan hulle ook finansieel ondersteun deur op hulle webtuiste 'n skending te maak: www.ccfm.org.za

Bronne:
https://www.aboutmissions.org/statistics.html
https://www.febc.org/
https://ccfm.org.za/our-station/